DIE POTTEBAKKERS WIEL

Jeremia 18 : 1 – 6
Die woord wat van die Here tot Jeremia gekom het: Maak jou klaar en gaan af na die huis van die pottebakker, en daar sal Ek jou my woorde laat hoor. Toe het ek afgegaan na die huis van die pottebakker, en hy was besig om 'n stuk werk op die skywe te maak. En die voorwerp wat hy besig was om te maak, het misluk – soos dit gaan met klei in die hand van die pottebakker – Maar hy het daaruit weer 'n ander voorwerp gemaak soos dit in die oe van die pottebakker reg was om dit te maak. Toe het die woord van die Here tot my gekom en gesê: Sal Ek nie soos hierdie pottebakker met julle kan maak nie, o huis van Israel? Spreek die Here. Kyk, soos klei in die hand van die pottebakker, so is julle in my hand, o huis van Israel!

Terwyl ek besig was om vir die Kerk in sy geheel te bid en ek met my hele wese uitroep **"Here, laat U wil geskied!"**

Toe praat die stem van die Heilige Gees baie duidelik met my. Dit was asof die Here self langs my gestaan het. My in Sy hande vat , my skud, my omdraai, en vir my sê: "Jy sal nooit die wil van God ken nie, nie voordat jy die pottebakkers skyf of wiel verstaan nie. Want dit is die wiel van God." Ek skrik my boeglam en sê verbaas: "Maar, Here ek weet nie wat U meen nie."

Vir baie lank het ek oor hierdie woorde gedink, "Let op na die wiel van God. Ek sal nooit die wil van God verstaan nie, nie voordat ek die wiel van God verstaan en begryp nie."

Hierdie gebed , "Here, laat U wil geskied," (Heb 10:7) word daagliks deur duisende mense dwarsoor die hele wêreld gebid. Elke bedienaar van die evangelie roep dit daagliks uit. Musikante bid dit voor elke optrede, hulle wat werklik die geestelike sy van die saak wil bevorder. Maar jy kan en sal nooit die wil van God verstaan voordat jy die persepsie van die wiel van God begryp nie.

Een van die mees fenomenale uitvindings van die mens was die "Wiel". Die wiel was een van die eerste produksie gereedskap stukke. Die eerste wiel wat ooit gemaak is, is die pottebakkerswiel of skyf. Daar is niks in die industrie wat sonder 'n wiel kan werk nie. Want alles draai om die wiel.

Alles in die lewe bestaan in siklusse. Die lewens siklus van die mens is deel van die lewens siklus van ander lewe op aarde. Die lewens siklus van 'n boom is deel weer van iets anders se lewens siklus.

Die stere stelsel is in 'n sirkel. 'n Siklus. Die verste ster asook die naaste ster is in 'n sirkel. Hulle beweeg al in die rondte. Trouens alles beweeg in die rondte, in 'n sirkel. Die aarde roteer om die son. Die maan roteer om die aarde. Alles in die sonne stelsels roteer om iets anders. God se skepping is op 'n wiel gebaseer (Jes 40:22)

Alles wat deel is van God se koninkryk is gebaseer op 'n wiel. Indien jy dit nie kan sien of begryp nie, sal God jou nooit in Sy WIL gebruik nie. Jy moet weet dat jy op 'n wiel is. Jy het nie net probleme nie. Iemand het jou nie uitgesonder net om met jou lelik te wees nie of om van jou te skinder nie. Die Pottebakker het Sy vingers in jou gees.

Om oor te gaan uit die duisternis in Sy wonderbare lig (Eff 5:8; 1 Pet 2:9) was 'n mylpaal in ons lewens. Wedergeboorte alleen het ons nie tot volmaaktheid gebring nie. Alhoewel ons voel daar is niks groter of heerliker wat met ons kan gebeur nie, hierdie ervaring van wedergeboorte. Om te bely, vergifnis te ontvang, gedoop te word, vervul met die Heilige Gees, hierdie ervaring is nie die einde van alle geestelike ervarings nie. Nee, wedergeboorte is nie die einde nie, dit is net die begin van 'n fenomenale lewe. Wedergeboorte is nie

volmaaktheid in Christus nie, maar, die begin van ‘n baba lewe.

Hebreërs 6:1-2 Daarom moet ons nie bly by die begin van die prediking aangaande Christus nie, maar na die volmaaktheid voortgaan sonder om weer die fondament te lê van die bekering uit dooie werke en van die geloof in God, van die leer van die doop en van handoplegging en van die opstanding van die dode en van die ewige oordeel.

Ons moet voortgaan tot volmaaktheid nadat ons hierdie ondervinding ondergaan het. Dit sal ‘n fantastiese en heerlikedag wees wanneer die kerk hierdie waarheid ontdek. Nou kan ons daarop begin bou (1 Kor 3:12). Ons moet by fundamentele waarhede begin, daarna bou ons die mure, die basiese struktuur, daarna die dak op die oorspronklike struktuur. Daarna word die matte gelê en dan al die fynere afwerking wat deel van die gebou is. Die gebou was nie voltooi toe ons die fondasie gelê het nie. Daar is ‘n gebou wat gebou moet word na ons wedergeboorte ontvang het (Joh 3:3,5)

Indien ons die wiel van God nie waarneem, onderskei of verstaan nie, dan kom daar verwarring, want dan bly ek net by my oorspronklike ondervinding met God. Ons sal so besig bly om dit te beskerm dat ons nie die verlore siele sal raak sien en bereik nie, omdat ons nie instaat sal wees om ander lief te hê nie.

Die mense wat bereid gaan wees om vorentoe te beweeg, na ons eerste geestelike ondervinding, sal ‘n basis hê waarop hulle enige iets kan doen. Hulle gebed is *“Here, laat U wil in my lewe geskied.”* **Gebed** - nie geld, voorspoed, of status – is die basis van elke besluit wat hulle maak.(Jak 4:13-16) God en die Woord word die basis in alles wat hulle doen. Alles in die kind van God se lewe sentreer om die wil van God.

So ‘n opregte gebed sal deur die Here God beantwoord word (1 Pet 1:17). Somtyds bid ons teen onsself om die wil van God te ken. Hy hoor ons gebed in sake die wil van God en gooi ons (Hy sit ons nie saggies neer nie) in die middel van die pottebakkers skyf (wiel). Hierdie wiel of skyf is die werkbank (tugtiging) van die Here. Dit is hier waar God sy hande op jou lewe plaas en aan jou begin werk. Wanneer jy op die pottebakkers wiel is sal jy moet oorgee aan die momentum van die pottebakker terwyl hy drukking in sekere areas in jou lewe gaan toepas (Rom 9:20-23; Jes 29:16). Indien jy nie die tugtiging gaan verdra nie is jy ‘n onegte kind, ‘n kind wat nie die vader erken en vereer nie.

Hebrees 12 : 5-11
En julle het die vermaning heeltemal vergeet wat tot julle as seuns spreek: My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie; want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem. As julle die tugtiging verdra, behandel God julle as seuns; want watter seun is daar wat die vader nie tugtig nie? Maar as julle sonder tugtiging is, wat almal deelagtig geword het, dan is julle onegte kinders en nie seuns nie. Verder, ons het ons vaders na die vlees as kastyders gehad, en ons het vir hulle ontsag gehad; moet ons nie veel meer aan die Vader van die geeste onderworpe wees nie? Want hulle het ons wel ‘n kort tydjie na hulle beste wete getugtig; maar Hy tot ons beswil, sodat ons sy heerlikheid kan deelagtig word. Nou lyk elke tugtiging of dit op die oomblik nie ‘n saak van blydskap is nie, maar van droefheid; later lewer dit egter ‘n vredevolle vrug van geregtigheid vir die wat daardeur geoefen is.

Hy tugtig **elke** seun wat na Hom toe kom. Sommige wat deur God geroep word, word nooit in Sy diens gebruik nie. Daar is ligsinnige mense in die veld. Dit is hulle wat skaduwees maak wat nooit beweeg nie. Hulle bring nie die volle oes in nie. Hulle mag wel gebid het Here, laat U wil geskied, maar hulle het nooit die wiel van God verstaan of begryp nie. Jy kan vir God nie iets doen voordat Hy jou getugtig het nie.

Indien jy dit weet en verstaan, dan vertel geloof vir jou alles is reg. Moenie bekommerd, verward of bevrees raak nie. Dit maak nie saak hoeveel Dokters om jou buk nie, jy is op die wiel van God (1 Joh 5:4) Al vertel hulle vir jou jy gaan sterf, jy weet jy is op die wiel en dit sal jou berusting gee en versterk want God is in beheer (1 Joh 3: 19-21)

Maak nie saak hoeveel vyande op jou wag nie, 'n duisend sal aan jou regterhand val (Ps 91:7). Jy is onder die skaduwee van die Almagtige (Ps 91:1) want dit is Hy wat gebukkend oor jou staan. Hy is die Pottebakker en jy is op die wiel (Jes 64:8). Jy moet dit weet en verstaan. Anders, alles wat God in jou lewe wil skep: vertroue, liefde en geloof word verander na geweld, bitterheid, teleurstelling, ongeloof en vrees. Al wat jy kan doen is gaan terug na die fondasie van waarheid en sê : "Kom, vat my, Here Jesus."

Wanneer die wiel begin om in die rondte te draai, dan begin ons gewoonlik in die teenoorgestelde rigting bid. "Here, verlos my van hierdie situasie waarin ek nou is." Jy het alreeds vir die wil van die Here gebid. Indien jy nie die wiel van God begryp en verstaan nie, sal die een gebed die ander kanselleer. Watter gebed wil jy beantwoord hê? Jy bid vir die wil van die Here en wanneer Hy jou op die wiel plaas dan bid jy weer "Here haal my van hierdie wiel af."

O, Here God, gebruik my. Ek wil in U sending veld staan. Ek wil vir U werk." God plaas jou op die wiel, en jy sê: Here ek het nie dit verwag nie!" Jy begryp en verstaan nie die wiel van God nie.

Somtyds bid ons, "Here , ek sal vas en bid totdat U my hele familie red!" 'n Paar dae later eet ek heerlik aan 'n bord kos en het ons tou op gegooi.

Jesaja 64 : 1 – 8
Ag, as U maar die hemele wou skeur, wou neerdaal, dat die berge wankel voor u aangesig – soos vuur die houtjies aan die brand steek, vuur die water laat opborrel – om u Naam aan u teenstanders bekend te maak, sodat nasies voor u aangesig kan bewe wanneer U vreeslike dinge doen waar ons nie op gehoop het nie – as U maar wou neerdaal, sodat die berge wankel voor u aangesig! Van ouds af tog het niemand dit gehoor of verneem nie, geen oog het 'n God gesien wat werksaam is vir wie op Hom wag nie, behalwe U. U kom hom tegemoet wat met vreugde geregtigheid beoefen, hulle wat aan U dink op u wee. Kyk. U was toornig, en ons het gesondig; in die toestand was ons baie lank, en – sal ons verlos word? En ons het almal geword soos 'n onreine, en al ons geregtighede soos 'n besoedelde kleed; en ons het almal verdor soos blare, en ons ongeregtighede het ons weggevoer soos die wind. En daar was niemand wat u Naam aangeroep het, wat hom beywer het om aan U te kleef nie; want U het u aangesig vir ons verberg en ons laat wegsmelt deur ons ongeregtighede. Maar nou, Here, U is ons Vader; ons is die klei, en U is ons formeerder, en ons almal is die werk van u hand.

Hierdie hoofstuk begin deurdat die profeet vir God vra hoekom Hy nie afkom om iets in hulle midde te doen nie. Die profeet het gebid dat die berge sou skud en skeur, en dat vuur die water sou laat kook. Maar toe dit gebeur, het die nie gebeur soos hy dit verwag het nie. Met ander woorde Jesaja het nie die wiel van God verstaan en begryp nie. God het gedoen wat Jesaja gebid het, maar Jesaja het die antwoord nie so verwag nie.

Die Bybel praat nie van strate van goud nie (Openb 21:21), maar van 'n straat.God het vir ons iets wonderliks voorberei, wat ons nie nou kan waarneem nie, omdat ons nie die wiel van God verstaan nie.

Die Here God het wêrelde gemaak (daar is meer as 150 biljoen stere in ons sonnestelsel, en daar is maar as 150 biljoen sonestelsels groter as ons sonnestelsel), Hy het ook ontelbare engele gemaak. Ons het dit nie so verwag nie, ons het gedink die hele wêreld

en uitspansel bestaan net uit ons klein beperkte wêreld (Nehemia 9:6).

Die Here God het die soeklig op een planeet wat die Aarde genoem word geplaas en 'n tuin geplant (Genesis 2:8; Esegiël 28:13). Hy neem van die stof (klei) van die aarde en vorm iets daaruit terwyl die engele Hom aandagtig dophou. God blaas toe Sy asem in hierdie stof en dit word lewendig. Die mens. Die engele roep uit: "Ons het nie so iets verwag nie".

Ons weet van manne wat sodra hulle 'n besluit neem: "Nou gaan ek die Here dien en volg met alles wat in my is, niks gaan my keer nie". Dit is dan juis in hierdie tyd dat alles in hulle lewens verkeerd loop. Hulle verloor hulle werk, maak die vrouens ongelukkig, die kinders word siek, Alles word omskep in chaos. Dan sê hulle; "Elke keer wanneer ek probeer om nader aan die Here te lewe. Om die Woord in my lewe toe te pas. Dan het ek soveel probleme. Alles wat kan verkeerd gaan, gaan verkeerd. Dit lyk vir my elke keer wanneer ek nader aan God wil lewe, dan loop alles verkeerd". Ek wil vir jou sê: "God is besig om jou gebed te antwoord. Hy is besig met jou op die pottebakkers wiel". Verstaan die "Wil" wiel van God.

Jakobus 1 : 2 – 3
Ag dit loutere vreugde, my broeders, wanneer julle in allerhande versoekinge val, omdat julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid bewerk.

1 Petrus 1 : 6 – 7
Daarin verheug julle jul, al word julle nou – as dit nodig is – 'n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge, sodat die beproefdheid van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud wat vergaan maar deur vuur gelouter word, bevind mag word tot lof en eer en heerlikheid by die openbaring van Jesus Christus.

Jy kan alleenlik jou in die Here verbly onder sulke omstandighede indien jy die wiel van God verstaan en begryp. Jy moet weet God is besig om jou te vorm en van jou iets nuttigs te maak. Jy is besig om hierdie beproewing deur te gaan sodat jy iemand anders weer kan help en bystaan. Wanneer die Here 'n bietjie harder moet druk soos wanneer 'n dokter 'n gebreekte been moet reg druk om te spalk, is dit baie seer. Maar dit is vir jou eie beswil. Jy wil nie hê dat hy dit weer oor moet doen nie. So hou uit, God weet wat Hy besig is om te doen.

Die Here het ons so lief, dat Hy graag die produk wat Hy weet ons kan wees, na vore wil bring. Net Hy weet wat ons kan wees, so wag vir Hom op die wiel en sê: "Here, laat U wil geskied." Hy, die groot meester weet wat Hy met jou wil maak. Hy weet alreeds hoe die eindproduk gaan lyk en wat Hy daarmee gaan doen. Vir ander mag dit net na 'n hopie klei lyk, maar Hy het 'n spesiale taak vir jou, indien jy die toets van die wiel kan deurstaan. Dit is die hand van die Pottebakker wat jou moet vorm.

God sal die man en vrou wat hulle onder alle omstandighede kan verbly op 'n spesiale wyse ontmoet. Want dit is hierdie man en vrou, maak nie saak wat die omstandighede is nie, wat sal aanhou om hulle Bybel te lees. Dit is hulle wat sal aanhou om te bid, kerk toe te gaan ens. Dit maak nie saak wat ander van hulle sê of hoe ander oor hulle voel nie. Hulle sal die Here onder alle omstandighede lief hê. Al verloor hy sy werk, sal hy in die huis van die Here bly. Hy sal nie vir die prediker kwaad word nie. Hy weet wat is besig om met hom te gebeur. Die Here sal hom gebruik. Hy bly op die wiel van God met blydskap en werke van geregtigheid.

Die Here sal nie meer op jou laai as wat jy kan dra nie (1 Korr 10:13). Moenie teenoor God murmureer, kla of kwaad word nie. Moenie sê dat God jou verlaat het nie. Moenie 'n maklike uitweg soek deur te sê dat jy gesondig het en nou is God besig om jou te straf nie. Moenie dink dat God jou nie meer lief het, omdat jy sekere verkeerde dinge gedoen het nie. Hou op om hierdie gedagtes te koester. God is besig met jou.

Die meeste mense spandeer meer tyd in gebed om vergifnis te vra vir verkeerde dinge in hulle lewens as wat hulle oor ander dinge bid. Elke keer wanneer jy in 'n probleem situasie beland dan bid jy: "Here,vergewe my, ek het nie genoeg tyd aan gebed spandeer soos ek dit moes doen nie".

Mattheus 26 : 14 - 16
Toe gaan een van die twaalf, met die naam van Judas Iskariot, na die owerpriesters en sê: Wat wil u my gee, en ek sal Hom aan u oorlewer? En hulle het vir hom dertig silwerstukke afgeweeg. En van toe af het hy 'n goeie geleentheid gesoek om Hom oor te lewer.

Judas mag moontlik jaloers gewees het, want Jesus het altyd vir Petrus, Jakobus en Johannes geroep om naby Hom te wees (Matt 17:1; Mark 5:37). Dit is moontlik die rede hoekom Judas meer van geld begin dink het as van Jesus. Toe hy uit die noue sirkel uitgelaat word, kon hy moontlik in sy hart gesê het: "Hoekom is ek nie van belang nie? of, hoekom kry ek nooit geleentheid om te preek en op die voorgrond te wees nie? Maar dit is altyd net 'n sekere klompie wat naby Jesus kan wees. Ons ander is mos nie van belang nie. Ons is nie van tel nie." Judas was die een met besondere talente, want Jesus sou hom andersins nie die beurs gegee het om te hanteer nie. Hy het beter kwaliteite as die vissermanne gehad. Hoekom word ek uitgeskyf? Hy het sy gedagtes oop gemaak vir negatiwiteit en het aan ander dinge begin dink wat God nie behaag nie. Hy het 'n komplot begin beraam hoe om meer geld te maak terwyl hy vir 'n biddende Jesus moet wag (Joh 12:4-6).

Judas het nie gedink dat hulle Jesus ooit gevange sou neem nie. Jesus het dan soveel maal uit hulle hande ontsnap toe hulle Hom probeer gevange neem het (Luk 4:30; Joh 8:59; 10:39). Hoe kon hulle ooit vir Jesus gevange neem? Hy het te veel mag en gesag gehad sodat hulle Hom gevange kon neem. Hy het die wind beveel om te gaan lê en die see het kalm geword. Hy het dan die skare gevoed met vyf broodjies en twee vissies. Judas het nie verwag dat hulle Jesus sou gevange neem en Hom kruisig nie.

Mattheus 26 : 47 – 50
En terwyl Hy nog spreek, daar kom Judas, een van die twaalf, en saam met hom 'n groot menigte met swaarde en stokke, gestuur deur die owerpriesters en ouderlinge van die volk. En sy verraaier het vir hulle 'n teken gegee en gesê: Die een wat ek sal soen, dit is Hy, gryp Hom! En dadelik gaan hy na Jesus en se: Gegroet, Rabbi! En hy het Hom gesoen. Maar Jesus sê vir hom: Vriend, waarvoor is jy hier? Toe kom hulle nader en slaan die hande aan Jesus en gryp Hom.

Judas soen die deur na die hemel en gaan hel toe. Toe Judas sien dat Jesus veroordeel was wou hy gaan om te bely. Hy neem die dertig silwerstukke terug na die tempel.

Mattheus 27 : 3 – 8
Daarna het Judas, sy verraaier, toe hy sien dat Hy veroordeel was, berou gekry en die dertig silwerstukke teruggebring na die owerpriesters en die ouderlinge en gesê: Ek het gesondig deur onskuldige bloed te verraai. Maar hulle sê: Wat gaan dit ons aan? Jy kan toesien! En hy het die silwerstukke in die tempel neergegooi en weggeloop en homself gaan ophang. En die owerpriesters het die silwerstukke geneem en gesê: Dit is nie geoorloof om dit in die skatkis te stort nie, omdat dit bloedgeld is. En nadat hulle saam raad gehou het, het hulle die stuk grond van die pottebakker daarmee gekoop as 'n begraafplaas vir vreemdelinge. Daarom is die stuk grond genoem Bloedgrond, tot vandag toe.

Judas het terug gegaan kerk toe, maar dit was te laat. Baie mense kies om nie op 'n ander plek as die kerk te sterf nie. Nie die dranklokaal of hotel nie, nee die kerk. Jaloesie is nie die moeite werd nie, dit gaan jou ondergang beteken. Bitterheid word deel van jou wanneer jy die wiel van God nie begryp of verstaan nie en dan onwillig is om

onder die hand van die Here gevorm te word (Matt 20:7).

Somtyds verkies ons om kwaad en bitter te wees eerder as om liefdevol en vol blydskap God te vertrou. Somtyds verkies ons om te skinder eerder as om in gebed God te glo. Dit is hoe dit in die kerk gaan. Die Pastoor spandeer mos net sy tyd met sekeres en hy kuier ook net by sekeres. Kry klaar met kinderagtigheid en word volwasse in die Here sodat Hy jou op sy wiel kan vorm.

Jeremia het nie net die pottebakker aanskou nie. Hy het meer as net dit gesien. Hy het die veld vol potskerwe gesien wat rond lê. Dit is die klei wat nie onder die hande van die pottebakker wou vorm aanneem nie. Die klei het te hard geword om te buig en gevorm te word. Die klei kon nie die druk van die pottebakker se hande verwerk nie en het geweier om op die wiel te bly. Die klei het misluk. Die pottebakker het toe geen ander opsie gehad as om die klei weg te gooi nie.

Toe Jeremia na die pottebakker se huis toe gegaan het op grond van die woord wat hy van God ontvang het, het hy meer as net die pottebakkers wiel gesien. Hy het ook hulle gesien wat nie op die wiel wou bly nie.

Jeremia wou moontlik die pottebakker se grond koop. *"Die Here het my na jou gestuur om met my te praat en my te leer. Sal jy nie jou grond en huis aan my verkoop nie?"*
"Wel, ek weet nie van die huis nie," antwoord die pottebakker, "maar ek sal wel die grond vir dertig silwerstukke verkoop."
Nee, moontlik nie. Jeremia het net 'n les by die pottebakkers wiel geleer, hy het geleer hoe om vir ander in te tree en te bid dat mense sal toelaat dat God hulle vorm en maak. Judas sou later die grond van die pottebakker koop en sterf.

Alles wat die profeet ervaar, beleef en gemanifesteer het sou gebeur (Esegiël 12:6,11).

Die pottebakkers grond is regrondom ons kerke, en word ontsier deur gebreekte liggame wat geweier het dat die hand van God hulle vorm. Moenie moeg word van die draaiende wiel nie, want jy mag jou miskien later tussen vreemde stukkende erde kruike begrawe bevind.

Wanneer die Kerk vir herlewing begin bid en toelaat dat God ons op die Pottebakkers Wiel plaas en ons vorm soos God ons wil vorm en nie soos ons gedink het dit moet wees nie. Dan en dan alleen sal ons werklike herlewing beleef. Dit is die moeite werd om die stryd wat met vorming gepaard gaan, deur te gaan. Hou op om teen God te stry en te baklei. Kom uit hierdie verwarring dat God jou nie wil, gaan of sal gebruik nie. Kom in lyn met die wil en Woord van God en ervaar die heerlikheid en wete; "Here, ek is in U wil"